

Maandag 22 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 5:15-17

Lewe verstandig

Om verstandig te lewe, moet ons versigtig wees en bid om wysheid. Onverstandige mense oorweeg nie wat hulle doen nie, maar die verstandige weeg, oorweeg en toets of ons lewenswyse aan God se standaard voldoen. Verstandig wees is om elke geleentheid wat God gee, te gebruik; om te vra na God se wil en bowenal om jou deur die Heilige Gees te laat beheer. Ons moet ons tyd reg bestuur en besin oor ons prioriteite en veral sorg dat dit tot opbou van die gemeente is.

Onverstandig lewe beteken om net te doen wat ons wil en nie in elke omstandigheid te vra of ons die Here se wil navolg nie. Ons tree eiewillig op. Daarteenoor is 'n verstandige manier van lewe om in elke saak die wil van die Here te soek. Paulus noem hier die wil van die Here Jesus Christus wat dieselfde is as die wil van God.

Jesus bid Self dat God se wil in sy lyding sal geskied, en Hy leer so die kerk om te bid om die wil van God. Ons kan die wil van God uit sy Woord te wete kom. Ons moet God se wil in ons persoonlike lewe soek deur gebed, deur die beginsels wat ons in die Bybel kry en deur na advies van volwasse en ervare gelowiges te luister. Wanneer daar nie reg-streekse uitsprake in die Bybel is oor besluite in ons lewe nie, kan ons bid om deur die Heilige Gees gelei te word.

Sing: Psalm 119-1:4

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)